7. Ek leef met *buddies* in my gesin

Buddies 3

Doelwit
Dat die seniors sal ontdek hoe gelowiges met ander gelowiges in die gesin 'n verhouding het.

Bybelgedeelte
1 Korintiërs 10:31; Eksodus 20:12; Romeine 12:3; Efesiërs 4:31-32; Spreuke 6:6

Kerngedagte
Ek leef met *buddies* in my gesin.

Kernvers
Eksodus 20:12 'Eer jou vader en jou moeder ...

Voorbereiding

Voorbereiding en hulpmiddels vir Grootgroepbediening (GGB)

- Berei die GGB as geheel voor.
- Groot plakkate/ baniere/ PowerPoint-skyfies met die woorde: 'Welkom Seniors!' en 'Ek volg in Jesus se voetspore'
- Plakkaat/ banier/ PowerPoint-skyfie met die woord '*Buddies*' en 'n bypassende prent
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met die kerngedagte en -vers van vandag
- Gesin met 'n pa, ma en so twee kinders
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met woord 'GESIN'
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met letter 'G' en bypassende prent
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met letter 'E' en bypassende prent
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met letter 'S' en bypassende prent
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met letter 'I' en bypassende prent
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met letter 'N' en bypassende prent

Voorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)

- Berei die KGB as geheel voor.
- Niks buiten wat in die Kletsboek is nie
- R-(eik-uit)-boks vir elke groep waarin kinders hul geskenke met aankoms/ ontvangs kan insit en met KGB eers moet uithaal (Vgl Ontmoeting 6)

Notas

Ontvangs

ONTVANGS

Dieselfde as by Ontmoeting 1. Kinders kan geskenke in R-bokse sit.

Die plakkaat met die kerngedagte en -vers van die dag moet bykomend tot dié van die vorige Ontmoeting aangebring word.

OPRUIMTYD

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

Grootgroepbediening (GGB)

OPENING MET GEBED

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

VERWELKOMING EN GELUKWENSINGS

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

SANG

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

LEES

Daar kan uit 1 Korintiërs 10:31; Eksodus 20:12; Romeine 12:3; Efesiërs 4:31-32 en Spreuke 6:6 gelees word.

BOODSKAP

Agtergrondinligting

Geen.

Inleiding

(Laat ’n pa, ma en so twee kinders ’n paar slegte insidente uitbeeld wat in ’n gesin kan voorkom, bv selfsugtigheid, baklei ens.)

(Wys plakkaat/ PowerPoint-skyfie met woord ‘GESIN’.) Watter woord sien julle hier? ... Ja, dis die woord ‘GESIN’. Ons gaan vandag iets van gelowige kinders se optrede in ’n gelowige gesin leer wat met elke letter van die woord ‘GESIN’ begin ... (Wys telkens na die letter.)

Notas

7. Ek leef met *buddies* in my gesin

Boodskap

Julle weet nou al dat ’n gelowige iemand is wat in Jesus se voetspore volg. Jesus het in ’n verhouding met gelowiges gelewe en daarom lewe gelowiges, wat in Jesus se voetspore volg, ook in ’n verhouding met ander gelowiges. En ons sê gelowiges is *buddies* van mekaar.

Nog ’n plek waar gelowiges in ’n verhouding met ander gelowiges lewe, is in ’n gesin waar die pa, ma en kinders gelowiges is. Ja, hulle is ook *buddies* van mekaar in die gesin. Ons gaan net na vyf dinge kyk hoe gelowige kinders in ’n gelowige gesin moet optree. Die vyf dinge begin almal met ’n letter van die woord ‘GESIN’.

1. God moet glimlag

Die eerste letter van die woord ‘GESIN’ is **G**. (Wys na letter ‘G’.). Die G staan vir **God moet glimlag**.

Dit beteken dat kinders in ’n gesin altyd vir hulleself moet afvra of dit wat hulle dink, sê of doen, vir God daaroor sal laat glimlag. Is dit wat Hy wil hê ek moet doen? Sal die manier hoe ek met pa/ ma/ my voog praat vir God laat glimlag. Sal die manier hoe ek teenoor my broer/ suster optree vir God laat glimlag? ... Ens. Dis die heel belangrikste vraag wat ek vir myself in ’n gesin moet afvra as ek iets dink of sê of doen, want as wat ek dink of sê of doen vir die God gaan laat glimlag, sal ek mos nooit lelik met iemand in die gesin wees nie, of hoe? So lees ons dan in 1 Korinthiërs 10:31: ‘Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.’ Voordat julle as kinders daarom iets in die gesin doen, vra altyd vir die Here of julle vir God daarmee sal laat glimlag.

2. Eer jou vader en jou moeder

Die tweede letter van die woord ‘GESIN’ is **E**. (Wys na letter ‘E’.). Die E staan vir **Eer jou vader en jou moeder**. Daar staan mos in Eksodus 20:12: ‘Eer jou vader en jou moeder ...’ Die woord ‘eer’ beteken ‘om gewig te gee aan’.

Dit beteken dat kinders vir hul ouers/ voogde die gewig moet gee wat hulle moet kry. Wie jou ouers/ voogde is en wat jou ouers/ voogde sê en doen, moet daarom swaarder weeg of belangriker wees as wat jy wil sê en doen. ’n Belangrike manier hoe kinders hulle ouers/ voogde moet eer, is om aan hulle gehoorsaam te wees. Daar staan in Spreuke 23:12: ’Wees gehoorsaam aan jou vader en moeder, jy is hulle kind ...’ Ja, jou pa en ma/ voogde kan partykeer verkeerd wees, maar hulle weet baie meer as jy, al dink jy nie so nie, en hulle is baie lief vir jou. Eer hulle! Gee aan hulle die gewig wat hulle moet kry!

Notas

7. Ek leef met *buddies* in my gesin

3. Self is nie die belangrikste nie

Die derde letter van die woord 'GESIN' is **S**. (Wys na letter 'S'.). Die S staan vir jou **Self wat nie die belangrikste moet wees nie**. Daar staan dan ook in Romeine 12:3: 'Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie.'

Dit beteken dat jy as kind in die gesin nie altyd die eerste en beste moet wil wees nie of dink dat jy die enigste persoon in die gesin is wat saak maak nie. Dis net goeie maniere om vir grootmense eerste kans te gee om iets te doen of vat, tensy hulle vir julle as kinders sê dat julle dit eerste kan doen. Julle moet ook nie die eerste en beste en grootste stuk koek wil vat nie. Dis ook lelik as jy net altyd die TV se *remote* vir jouself wil hou of net jou eie TV-programme wil kyk. Dis ook baie lelik en selfsugtig van jou as daar baie mense in die huis is en jy vat soveel warm water as jy bad of stort dat daar nie genoeg vir die ander is om in te bad nie. Jy dink ook net aan jouself as jy die heeltyd besig om op jou selfoon te BBM of op *Facebook* te karring as ander in die gesin met jou praat of as julle saam eet. O ja, en as jy jaloers op jou broer of suster is, is dit ook miskien omdat jy dink jy's die belangrikste en beter as hulle en nie bly is as hulle ook iets gekry het of gedoen het wat goed of mooi is nie. En as 'n mens dink jy's die belangrikste, is 'n mens gedurig besig om oor jouself te praat en te spog. O, as 'n mens se self in 'n gesin die belangrikste is, is jy eintlik 'n baie lelike mens, al dink jy nie so nie.

4. Irritasie wegvat



Die vierde letter van die woord 'GESIN' is **I**. (Wys na letter 'I'.). Die I staan vir **Irritasie wegvat**. Dit wil sê dat jy die goed in die gesin moet wegvat wat irriteer of krapperig is.

Jy moet daarom nie die gesin seermaak en irriteer deur lelik met of van hulle te praat nie, vir hulle te vloek nie en kwaad vir hulle te word nie (Ef 4:31). Jy kan liewers mooi van en met hulle praat. In Spreuke 15:1 staan: ' 'n Sagte antwoord laat woede bedaar; 'n krenkende woord laat woede ontvlam.' Ja, en jy kan ook eerder vir hulle opkom as om hulle af te breek. En as iemand in die gesin vir jou seergemaak en geïrriteer het en vergifnis daarvoor vra, moet jy ook bereid wees om vir hom te vergewe. In Efesiërs 4:32 staan daar dan ook: '... vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.'

5. Nodig vir ander



Die vyfde letter van die woord 'GESIN' is **N**. (Wys na letter 'N'.). Die N staan vir **Nodig**. Dit wil sê dat ek nodig in die gesin is.

Notas

Dit beteken dat jy sal raaksien dat elkeen in die gesin deel van die gesin is en sy deeltjie moet doen. In so 'n gesin kan en mag 'n kind daarom nie lui wees nie (Spr 6:6-11). Nee, as *buddie* in die gesin sal 'n kind kyk waar hy kan help, selfs voordat sy pa of ma/ voog vir hom vra om dit te doen, soos om partykeer skottelgoed te was, tafel te dek of af te dek, die skinkbord met koppies om te vat, kar te was en in die tuin te werk. En natuurlik sal sulke kinders hulle kamers netjies hou en hulle huiswerk doen!

Samevatting

Kom ons vat saam. In 'n gelowige gesin is julle *buddies* van mekaar. Die volgende is soos vyf legkaartstukkies wat jy as kind in die gesin moet doen om die legkaart of gesin heel te hou: 1) **G**od moet glimlag, 2) **e**er jou vader en jou moeder, 3) jy **s**elf is nie die belangrikste nie, 4) jy moet **i**rritasie wegvat en 5) jy is **n**odig.



Kleingroepbediening (KGB)

LEWENSDELING

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

AKTIWITEITE

Fasiliteer die kletsvrae in die Kletsboek. Maak seker dat die kinders die nodige t w v beter vaslegging en latere hersiening in hulle Kletsboeke invul.

TUISAKTIWITEITE

Die KGL moet die Tuisaktiwiteite met die kinders bespreek en hulle motiveer om dit te doen. Hulle moet die kinders ook aanmoedig om hul Bybel, Kletsboek en skryfding saam te bring.

AFSLUITING

Daar kan nou in die kleingroepe met gebed afgesluit word.

VERVERSINGS

Kinders kan 'n eet- en/ of drinkding kry wat verkieslik by die dag se Ontmoeting aansluit.

Notas